LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

29-01-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 3 VIR 2018

1 **ATLETIEK: DINSDAG, 30 JANUARIE 2018**

- Die skool verdaag môre om 13:00 a.g.v. die atletiek wat by DP de Villiers stadion plaasvind. Byeenkoms begin 14:00. Atlete wat met die bus ry, vertrek 12:15.
- Atlete MOET asb. **SKOOL-ATLETIEKDRAG** dra.

ATLETIEK: DONDERDAG, 1 FEBRUARIE 2018

- Die skool verdaag Donderdag weer om 13:00. Byeenkoms begin 14:30 te Kempton Park. Atlete wat deelneem ontvang elkeen 'n toestemmingsbrief wat voltooi moet word en terug kom skooltoe. Atlete wat met die bus ry, vertrek 12:20.

2 **BL VERKIESING:**

Ons BL verkiesing vind vanjaar plaas op 1 Maart 2018 om 18:00 in die saal. Dit is 'n baie belangrike verkiesing en ons versoek elke ouer om die datum te dagboek. 'n Beheerliggaam speel 'n baie groot rol in ons toekoms en uitleef van ons visie. Ons het die afgelope paar termyne skitterende Beheerliggame gehad, wat die skool na nuwe hoogtes geneem het met hul betrokkenheid en visie.

Pligte en verantwoordelikhede van die Beheerliggaam sluit die volgende in:

- Bywoon van departementele vergaderings, kursusse en opleiding
- Fondsinsamelingsprojekte
- Invordering van skoolgelde en die bestuur daarvan
- Ouerbetrokkenheid
- Veiligheid van die skool, leerders en personeel
- Aanbied van projekte
- Werwing en aanstel van kwaliteit onderwysers
- Ondersteuning aan die onderwyser/personeel om hul take te verrig

3 **SWEM**:

Daar is swemoefening op Dinsdag, 14:00 - 15:00 en Donderdag, 15:00 - 16:00 by die Hoërskool se swembad.
Die swemgala van Woensdag, 31 Januarie is gekanselleer.
Datums van swemgala:
7 Febr; 14 Febr; 21 Febr; 28 Febr; 7 Maart - Interlaer.

4 **PARKERING:**

Ons doen weereens 'n beroep op ons ouers om geduldig en verdraagsaam te wees wanneer ons ons kinders op- of aflaai. Ons ervaar insidente wat amper grens aan padwoede tussen ouers. Ons kan dit nie bekostig om vir ons kinders sulke voorbeelde te stel nie.

Lesedi verkeer is verantwoordelik vir die vloei van verkeer en toepassing van verkeerswette. Tans ontvang die skool baie min samewerking en ondersteuning vanaf Lesedi verkeer. Daarom poog die Beheerliggaam in samewerking met die skool se personeel om die verkeer so glad as moontlik te laat verloop. Dr Willem Sprong is voortdurend in gesprek met Lesedi om die verkeer vloei rondom die skool te verbeter. Ons poog om Van der Westhuizen straat ook in 'n eenrigting te verander sodat daar makliker verkeer rondom die skool kan plaasvind. Ons leerders wat optree as skolierpatrollie is slegs 'n hulp vir leerders om die pad oor te steek. Weereens verrig hul 'n taak wat die verantwoordelikheid van Lesedi verkeer is. Ons leerders is 12 jaar oud. Wees asseblief geduldig met ons leerders. Dit gebeur weekliks dat ons ouers ongeduldig raak met ons skolierpatrollie leerders. Insidente waar ouers bloot die skolierpatrollie ignoreer skep geweldig probleme. Ons het pragtige kinders in die skool wat werklik poog om hul waardes uit te leef en respek te betoon. Kom ons respekteer ook ons kinders en toon waardering vir die taak wat hul met soveel entoesiasme verrig.

5 **REDENAARS:**

- Ons hou Maandag, 29 Januarie 2018 om 18:00 in die skoolsaal 'n werkswinkel om u as ouer en kind met die regte formaat van 'n toespraak te bemagtig. Bring asb. 'n pen en papier saam.
- Ons skoolredenaars is om die draai.
  Junior redenaars: 6 Februarie 2018 EN Senior redenaars : 7 Februarie 2018
- Brief met die tydindelings sal vir elke graad gegee word.

6 **FONDSINSAMELING:**

Ons het 'n groot fondsinsameling vir Kwartaal 1 en 2. Daar word 'n 2018 VW Vivo 1.4 Conseptline uitgeloot saam met NTT Volkswagen. Trekking van pryse word met die Wildsfees gedoen. Die karretjie is die 1ste prys. Die kind wat die meeste boekies/kaartjies verkoop kry R1 000; die gesin wat die meeste verkoop, wen gratis skoolgeld vir 2 kinders en die klas wat wen kry 'n uitstappie. Die boekies word vandag aan elke leerder uitgedeel. Baie dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

7 **LOCKERS**:

Daar is nog enkele "Lockers" beskikbaar teen R200 vir die jaar. Leerders moet 'n vorm by Heléne in die kantoor kry, voltooi en saam met hulle gelde terugbring.

8 **VALENTYNSDAG**:

Leerders kan Woensdag, 14 Februarie gewone klere aantrek om Valentynsdag te vier. Die koste beloop R10. Betaal dit asb. in by die registeronderwysers. Daar sal klein geskenkies te koop wees vanaf 7 Februarie 2018.

9 **RUGBY**:

Die rugby-oefening begin op 19 Februarie vir 0/8 tot 0/13 seuns op Laer Volkskool se velde. Tye is as volg:
Op Maandae en Woensdae oefen 0/8 vanaf 17:00 - 18:00.
Op Maandae , Dinsdae en Donderdae oefen die onderstaande groepe:

- 0/9 - 14:00 - 15:00
- 0/10 - 14:45 - 15:45
- 0/11 - 15:30 - 16:30
- 2de span groep: 16:15 - 17:15
- 1ste span: 17:00 - 18:00

10 **SNOEPIE**:

Die leerders het nou 2 opsies vir kos wat bestel kan word by die snoepie van Maandag tot Donderdag. Vrydae is slegs pizza-dag.

11 **SPORT 2018:**

Die Beheerliggaam het in 2017 die besluit geneem om ons leerders die geleentheid te bied om blootstelling aan al die sportsoorte te ontvang. Tans oefen ons leerders by vier afrigters wat deur die Beheerliggaam besoldig word. Dit werk skitterend en talle atlete het al ontwikkel en vaardighede aangeleer in hoogspring, verspring, hekkies, gewigstoot asook langafstande. Enige leerder is welkom om by die onderskeie afrigters te gaan oefen. Ons het groot waardering vir hierdie mense wat baie moeite doen om ons kinders te ontwikkel.

As gevolg van die inisiatief is daar baie leerders wat aan atletiek deelneem. Baie van die leerders sien geweldig uit na die byeenkomste. Daar is byeenkomste wat gereël is vir massa-deelname maar by sommige byeenkomste kan slegs 'n beperkte aantal atlete deelneem. Dit gebeur dan dat atlete net nie opdaag vir hul items nie. Dit skep 'n baie swak beeld van ons skool maar weerhou ook geleenthede van ander kinders wat baie graag wou deelneem. Indien u kind nie kan deelneem aan 'n byeenkoms nie, kontak asb. vir Mnr. Tewis van der Westhuizen sodat ons ander leerders ook die geleentheid kan bied.

12 **TOETSROOSTER**:

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
26 Febr				SK
27 Febr				EBW
2 Mrt	Geskiedenis	Geskiedenis	Geskiedenis	Geskiedenis
5 Mrt	Afr	Afr	Afr	Afr
6 Mrt	Geografie	Geografie	Geografie	Geografie
7 Mrt	Eng	Eng	Eng	Eng
12 Mrt	NW en Teg	NW en Teg	NW en Teg	NW
14 Mrt	Wisk	Wisk	Wisk	Wisk
15 Mrt				Teg
27 Mrt	Oueraand waar rapporte uitgedeel word			

13 **SKAAK**:

Ons begin met skaakoefening op 31 Januarie 2018.
Beginners oefen vanaf 15:00 - 15:45. Almal kom in Juf. Ronelle Terblanche se klas bymekaar. Juniors en Seniors (leerders wat reeds kan skaak speel) oefen 16:00 - 17:00, ook vir eers na Juf. Ronelle Terblanche se klas.

14 **NASKOOL**:

Alle uitstaande naskool-aansoekvorms moet asb. so gou as moontlik by die naskool ingehandig word of by Mev Chrisna Meyer in die finansieskantoor.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF